

# Wanneer Christus verby kom.

Teks: Lukas 19: 1 - 10

Teksvers: Lukas 19:5

## 1. Inleiding

Wat gebeur wanneer ons die nuus hoor dat 'n belangrike persoon oppad is? Miskien 'n vraag wat 'n plattelandse dorpie soos ons kan antwoord. Daar is verwagtings en skare mense wat graag wil sien en miskien dalk selfs wil ontmoet. Voeg hierby nog 'n brandende begeerte binne 'n mens om juis die persoon te gaan ontmoet.

Dit bring ons vanoggend by die 19de hoofstuk van die Lukas evangelie. Hier lees ons die bekende openbaring oor Saggeus die tollenaar. En meestal is teksverse uit hierdie gedeelte vers 8 en 9. En daarmee saam die ou debat of Saggeus se uitspraak, oor vrygewigheid ens., voortspruit uit 'n verlossingsbesef of uit selfregverdiging. 'n Debat wat geleerdes al 'n geruime tyd besig hou.

Tog is dit nie punt van vandag se preek nie. Want ons teksvers is nie vers 8 of 9, maar vers 5. Daar waar Jesus persoonlik 'n afspraak maak met Saggeus. Saggeus het nou 'n paar keuses wat hy kan uitoefen. En ons gaan dit puntsgewys ondersoek in hierdie preek. Eerstens kan hy natuurlik regoor die pad in ander rigting wegvlug van die boom. Tweedens kan hy self voldaan vir Jesus antwoord, dat hy teruggaan huistoe en dat Jesus kan saamkom, maar nie enige ekstra moeite van sy kant moet verwag nie. Of laastens kan hy nederig Jesus se uitnodiging aanvaar, en dan alles in sy vermoë doen om vir Christus te verwelkom.

Ons gaan dan voorts sien hoe hierdie praktiese scenarios ook deur ons uitgeleef word in ons geloofsoortuigings en lewe vandag. Want uiteindelik is die vraag aan ons elkeen vanoggend, wat maak ek en jy wanneer Christus verby kom? Soek ons na verskonings of gebruik ons die geleentheid tot versterking van ons geloof?

## 2. Vlug na Tarsis

Eerste Preek

Die eerste optrede wat ons ondersoek het duidelik nie in ons teksgedeelte plaasgevind nie. Saggeus het nie weggevlug van die aangesig van die Here af nie. Maar op 'n manier het hierdie eerste benadering en die derde een waarna ons gaan kyk tog iets in gemeen. Beide besef iets van die grootheid en heiligheid van die Here. Maar dan kom die verskil in. In die hierdie benadering is die besef net te groot om te hanteer en die mens vlug.

En alhoewel ons dit nie in vandag se teksgedeelte raak lees nie. Laas ons wel elders in die Bybel van hierdie optrede. Wanneer ons na die begin hoofstukke van Jona kyk sien ons dit is presies wat Jona probeer doen. Hy ken hierdie grootheid van die Here. En dan wanneer die Here aan hom verskyn met 'n spesifieke opdrag, dan vlug hy weg na Tarsis. Ons weet uit die res van die boek Jona dat dit uiteindelik nie baie suksesvol is nie.

Tog sien ons vandag baie hierdie optrede onder gelowiges. Daardie duidelike ongemaklikheid wanneer 'n mens moet stil word en die aangesig van die Here soek. Want die vraag by ons as gelowiges is nie of ons na die spreekwoordelike wildevyeboom op pad is nie. Die Heilige Gees het ons reeds tot in die wildevyeboom gely. En dit gebeur net omdat ons uitverkies is deur die Here. Die vraag is wat maak ons as Christus by jou kom met uitnodiging saam huis toe te gaan?

Of is dit nie dalk hoekom ons so graag eerder die hele wildevyeboom wil vermy nie. Die moderne Christen gelowige wil nie te veel tyd in die Woord van die Here, of in die erediens spandeer nie. Want miskien kom die uitnodig om saam huis toe te gaan na hom/haar. En as georganiseerde moderne mense wil ons nie hê ons geloofhouertjie moet uitloop in die ander houertjies in ons lewens nie. En daarby moet ons geloofshouertjie ook maar baie klein wees, sodat dit nie te veel van ons lewens in beslag neem nie. Daarom wanneer ons voor

geloofsuitdagings te staan kom, lyk of die oplossing dikwels is om eerder na Tarsis te vlug.

### 3. Is ons miskien sterker as Hy?

Waar die eerste optrede vanuit die wildevyeboom nie eintlik in ons teksgedeelte afspeel, speel hierdie tweede voorkoms wel in ons teksgedeelte af. Wel dit is nou as die argumentasie lyn van selfregverdiging gevolg word, soos in die inleiding aangeraak is. Dit werk soos volg.

Wanneer die gebeure vanuit 'n vorm-kritiese oogpunt beskou word, dan is daar veral vyf elemente wat ontbreek. En hierdie vyf elemente is juis elemente waaraan die ander verlossings in die Lukas evangelie aanwesig is. Hierdie elemente wat ontbreek gee dan die gevoel dat hierdie verlossing nie inpas tussen die ander verlossings nie. Wanneer Saggues dus antwoord oor sy vrygewigheid en terugbetalings, is dit nie as gevolg van redding nie maar eerder selfregverdiging vir dit wat hy reeds doen.

Dit is 'n verweer op die aantygings dat Christus saam met 'n sondaar gaan eet, dan antwoord Saggues in hierdie woorde, woorde wat die Ou testamentiese bepalings verwys, bewys Saggues sy vroomheid. Die Ou Testamentiese bepaling is natuurlik uit Eksodus 22: 1 wat soos volg lees: "Wanneer 'n man 'n bees of 'n skaap steel en dit slag of verkoop, moet hy vyf beeste terugbetaal vir die bees en vier stuks kleinvee vir die skaap."

Tog is dit uiteindelik nie die waarheid nie, dit strook eenvoudig nie met die verlossing en redding wat Christus aan die einde van ons teksgedeelte verkondig nie. En daarom is hierdie dan ook nie die regte optrede vir die moderne gelowige nie. Want uiteindelik spreek dit van voortdurende verkeerde optrede met net 'n suiker lagie oor. Dit spreek van gelyktydige deelname aan die afgods tafel van die dag en die tafel van die Here. Maar wanneer ons die Here met respek gesê: so wil in forseer in ons begeertes, Moet ons altyd 1 Korintiërs 10:22 wat handel oor die saak, onthou: "22Of wil ons die Here uittart? Is ons miskien sterker as Hy?"

### 4. Verlossing verander alles

Laastens kyk ons na die optrede wat ons wel raaksien in Saggues. En hierdie keer interpreteer ons dit ook op die regte manier. Dit is die oortuiging dat Saggues verlos en gered is uit 'n gewisse dood. sien ons sonde en ongeregtigheid is so groot dat ons nie eenvoudig die geloof en God kan inmeng by ons daaglikse oortuigings en doen en late nie. Die tollenaars besigheid waarin Saggeus betrokke was, was bekend vir korrupsie en uitbuiting in daardie tyd.

Wanneer ons gelei tot in die wildevye boom, 'n proses wat heeltemal deur die Heilige Gees bewerk word. Dan besef ons daar by die wildevyeboom dat ons nie kan welkom wees in die Heilige teenwoordigheid van die Here nie. Dit is dan wanneer 'n mens wil spook en spartel om alles of gered te word. Dit is dan wanneer geloftes geuiter word soos: "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug"

Tog weet ons dat nie enige iets wat ons aan die Here, of ons naaste gee gaan vir ons verlossing bewerk nie. Want alles is so bevlek van ons sonde, dat dit nikswerd is nie. Maar dan staan die Verlosser ook voor ons soos voor Saggeus in ons teksvers. Hy staan daar met die uitnodiging: "Daarna het Hy dit gebreek en vir hulle gegee met die woorde: "Neem dit, dit is my liggaam."

<sup>23</sup>Toe neem Hy 'n beker en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle, en hulle het almal daaruit gedrink. <sup>24</sup>Hy sê vir hulle: "Dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie mense vergiet word."

### 5. Slot

Ons kan afsluit met 'n ondersoek na ons persoonlike antwoord op hierdie uitnodiging van die Here. En ook hierin moet ons erken dat ons so swak en sondig is, dat 'n antwoord uit ons eie nooit die Here sou eer nie. Daarom werk die Heilige Gees die antwoord binne ons. Dit is die antwoord wat ons lei na die Here. Die antwoord wat ons lei na Woord, die erediens en die sakrament. Wat ons laat besef daar is iets meer kosbaar as al die materiële rykdom of mediese voorspoed in hierdie lewe.

Dit is ook hierdie kragtige werking van die Heilige Gees wat ons in staat is om te werk tot eer van die Here. Om ook die administrasie en ongemaklike ondersteunings werk in die koningryk te doen. Om jou hande vuil te maak met die alledaagse. Ook hier by die kerk van die Here. Daardie ander dinge wat nie so duidelik 'n geestelike kleur het nie. Dinge so finansies, administrasie, instandhouding of sommer net eenvoudige skoonmaak. Dinge waarsonder daar nie 'n kerk sou wees nie.

Maar die eintlike is die swaartepunt van vanoggend se preek, bly die vraag wat doen ek en jy wanneer Jesus verby kom. Wanneer die Heilige Gees my klaar tot in die wildevyeboom gelei het. En wanneer Christus klaar daar staan en my nooi om saam met Hom te gaan. En hierdie uitnodiging is om saam te gaan terug na my eie lewe. Om te kom eet in my huis. Is Christus werklik nog welkom in ons huise en lewens of is daar verskonings en ander prioriteite?

Amen